

MTI ESTATE

Mirror Trading International (Pty) Ltd (In Liquidation)
Master's ref C906/2020

Liquidators:

Adriaan van Rooyen
Chavonnes Cooper
Herman Bester

Christopher Roos
Jacolien Barnard
Deidre Basson

Estate website:
www.investrust.co.za
www.tygerbergtrustees.co.za

9 MEI 2022

<p>IN RE: MIRROR TRADING INTERNATIONAL (PTY) LTD t/a MTI (IN PROVISIONAL LIQUIDATION) ("MTI") REGISTRATION NUMBER: 2019/205570/07 MASTER REFERENCE NO: C000906/2020</p>
--

LIKWIDATEURS VAN MTI SE KOMMENTAAR OP NETWERK24-BERIG OP 2 MEI 2022

Die likwidateurs verwerp met minagting die aantygings van oneerlikheid of onbehoorlike optrede soos aangevoer deur Clynton Marks in die dringende hofaansoek vir die verwydering van die likwidateurs.

Die aantygings teen die likwidateurs is gemaak deur Marks, wat Johann Steynberg se sakevennoot was by MTI asook die vorige onwettige skema en wie persoonlik miljoene rande van meestal onskuldige beleggers se Bitcoin en geld onregmatig aan homself toegeëien het.

Die tydsberekening van die aansoek om die likwidateurs te probeer verwyder, synde twee hof-dae voor die aanhoor van die aansoek om die MTI-skema onwettig te laat verklaar, spreek boekdele van die ware motief vir die aansoek. Die verdagte aansoek is opgevolg deur 'n aansoek van Henry Robert Honiball om uitstel van die onwettig-verklaring, welke afgegee is die middag van die 27ste April 2022.

Die tydsberekening van die jongste twee aansoeke laat geen twyfel dat dit op 'n berekende wyse gedoen is ten einde weer te probeer om die aansoek van die onwettig-verklaring te probeer dwarsboom nie. Juis op vier vorige geleenthede was daar al op die laaste nippertjie aansoeke van partye wat die aansoek wou teenstaan.

Die likwivateurs se siening word gestaaf deurdat die hof die aansoek om uitstel van Honiball met koste van die hand gewys het. Die doelbewuste strategie om die aansoek om onwettig-verklaring te probeer uitstel, blyk ook uit die feit dat Marks en Honiball versuim het om enige klagte of versoek vir verwydering van die likwivateurs by die Meester van die Hooggeregshof in te dien. Dit wat Artikel 379 van die Maatskappywet (1973) juis voorsiening voor maak.

Die voorlopige likwivateurs van JNX Online (Edms) Bpk (in likwidasië) is deur die Meester van die Hooggeregshof in Polokwane aangestel in terme van die betrokke Meester se statutêre prosesse en sy diskresie. Daar is niks onreëlmag nie met die aanstelling van mee. Elizna Lourens en Dilshad Ishmail as die voorlopige likwivateurs van JNX Online. Likwivateurs word in hul persoonlike hoedanigheid aangestel deur die Meester en die feit dat iemand hulle probeer verdag maak bloot omdat hulle by dieselfde firma werk as van die likwivateurs van MTI, is bloot 'n gegryp na strooihalms.

Bogenoemde beginsel is reeds in geen onduidelike terme deur die Hooggeregshof uitgeklaar.

Die aantyging dat die likwivateurs van MTI op enige wyse beskerming geniet teen verliese wat die MTI boedel mag ly, sou hulle nalatig opgetree het, is eenvoudig verkeerd. Die vrywaring waarna verwys word in die resoluë, het te doen met die geval waar dit vir die likwivateurs nodig sou wees om voort te gaan met die bedryf van 'n maatskappy se besigheid, ná likwidasië. Dit is 'n standaard bepaling wat in resoluë van dië aard ingevoeg word. In die spesifieke geval van MTI, het dit egter nie enige aanwending gevind nie, aangesien daar uiteraard geen besigheid was om mee voort te gaan nie.

Die doel met die aanvaarding van die resoluë op die tweede vergadering van skuldeisers, is 'n normale proses wat in enige insolvente boedel geskied. Die likwivateurs het in elk geval reeds die meeste van die magte wat vervat is in die resoluë, vroeër by die Hooggeregshof bekom met 'n aansoek om die uitbreiding van hul magte toe van hulle nog die voorlopige likwivateurs was (in terme van die bepalinge van Artikels 386 en Artikel 387 van die Maatskappywet van 1973).

Die eis van die voorlopige likwivateurs van JNX Online teen MTI, is volgens die eis-dokument, gebaseer op die rekords van die maatskappy, op sterkte van die betalings van uitgawes wat volgens die rekords van die maatskappy gedoen was namens MTI, vir 'n totale bedrag van R7 190 930.

Die besluit oor of die eis van JNX Online "voorlopig" aanvaar moet word, berus uitsluitlik by die Meester van die Hooggeregshof. Indien die Meester tevrede is dat die eis, op sigwaarde, in orde is, aanvaar die Meester die eis en ontstaan daar dan 'n plig op die likwivateurs van MTI om die eis

behoorlik te ondersoek en verslag te doen daaroor (in terme van Artikel 45 van die Insolvensiewet).

Die ondersoek rakende hierdie eis is tans aan die gang en sluit in 'n ondersoek deur die likwdateurs van MTI se aangestelde digitale en forensiese deskundiges, wie onder meer met onafhanklike bewyse moet vasstel wat die oorsprong is van die Bitcoin wat gebruik was om JNX Online se bankrekening mee te befonds. Sodra hierdie ondersoek voltooi is, sal die likwdateurs van MTI in 'n posisie wees om 'n finale besluit te neem oor die eis van JNX Online.

Indien dit sou blyk dat die eis nie 'n geldige eis is nie, sal daar by die Meester van die Hooggeregshof aansoek gedoen word vir die skrapping van die eis in terme van Artikel 45(3) van die Insolvensiewet.

Die voortslepende pogings van Marks en Honiball om die wetlik aangestelde likwdateurs te probeer verdag maak, is 'n strategie wat reeds holrug gery is, en bloot gemik is op 'n verdere uitstel of vertraging van die onwettig-verklaring.

Die realiteit is dat sodra die aansoek om onwettig-verklaring toegestaan word, is daar nie enige verdere skuiwergate vir Marks om te verhoed dat die likwdateurs van MTI die miljoene rande wat hy onregmatig uit MTI geneem het, van hom teruggeëis word.

- Wat verder vreemd opval oor die media-beriggewing waarin Marks aangehaal word, is dat daar geen verwysing is na die jare lange slenters waarby hy, Steynberg en ander bestuurslede van MTI reeds betrokke was, asook van die “beleggers” wat ingeloop is nie. Verskeie van die flagrante slenters is in die openbare domein, maar steeds is daar sekeres wat sukkel om tussen die kaf en die koring te onderskei.
- Die likwdateurs wys ook daarop dat die FSCA-reguleringsowerheid onlangs op versoek van die likwdateurs 'n administratiewe boete van R50 miljoen teen MTI teruggetrek het.

www.investrust.co.za

www.tygerbergtrustees.co.za

Einde.

Uitgereik namens die likwdateurs van MTI